Hoërskool Duineveld

deur geleenthede tot uitnemendheid

Privaatsak X5886
Upington, 8800
Tel: (054) 338 8222
Faks: (054) 338 8288

www.duineveld.co.za
skoolhoof@duineveld.co.za
leerdersake@duineveld.co.za
admin@duineveld.co.za

28 April 2022

Geagte ouers,

AANGEPASTE COVID-19 MAATREËLS IN SKOLE

Omsendskrywe S9/2022 omskryf die volgende aangepaste COVID-19 veiligheidsmaatreëls wat gehandhaaf moet word in skole. Hiermee die volgende ordereëlings vir u aandag;

1. **Toepaslike COVID-19 maatreëls**

- Alle leerders en personeel moet nog 'n gesigmasker dra tydens skoolure wat strek vanaf 07:30 – 13:30. Gedurende pouse in die buitelug kan leerders hul maskers verwyder.
- Die gereelde was van hande word aangemoedig.
- Die sanitering van hande voor elke lesperiode moet nog gehandhaaf word.
- Die temperatuurmeting en voltooiing van COVID-19 vraelys word onmiddelik gestaak vir leerders en besoekers by die skool.
- Leerders hoef ook nie maskers te dra na 13:30 waar hul op die skoolterrein enige buitelug aktiwiteit beoefen nie, slegs vir binnehuis aktiwiteite moet daar nog maskers gedra word.
- Ons versoek dat leerders nogsteeds gebruik sal maak van toegedeelde toegangshekke soos per graadgroep ingedeel is – om verkeersophoping te voorkom.

2. **COVID-19 INENTINGSPROGRAM**

- Indien u belangstel dat u kind by die skool ingeënt moet word of die opvolg "booster" inspuiting ontvang, moet u asseblief die aangehegte dokumentasie voltooi en terugstuur skool toe.
- Dokumentasie moet voltooi en ingehandig word by u kind se registeronderwyser.
- Afhandelingsdatum – Vrydag, 29 April 2022.
- Sien die skrywe aangeheg vir u aandag.

Duineveld groete

Dr. Rooies Andrianatos
Skoolhoof

Upington Toyota
Tel: 054 337 7100
NEEM LEIDING TOYOTA